

# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 9:00**

## Christus is die Uitkomstgewer

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 10  
**Teksvers:** 1 Korintiërs 10:13

**Sing:**

Sb 1-1:3,7  
Sb 5-3:2  
Sb 3-3:2,6  
Sb 17-3:1,2  
Ps 116:1,2,3 ...  
Sb 1-2:1,2,3  
Sb 13-3

**Orrelis:** Corlea vd Walt  
**Projektor:** Susan Hoogenboezem  
**Klank:** Charl vd Bergh  
**Prediker:** Paul vd Berg

In hierdie hoofstuk word die geskiedenis van Israel as waarskuwing en herinnering aan die gelowiges in Korinte gegee. Die gelowiges word herinner aan die afvalligheid van Israel en die gevolge daarvan. Net soos Israel, so kon die gelowiges in Korinte hulle nie verontskuldig oor hulle afvalligheid weg van die Here nie. Daarom lei die Heilige Gees vir Paulus om hulle te waarsku dat daar geen versoeking oor hulle kan kom behalwe 'n menslike een nie. God is egter getrou. Hy sal nie toelaat dat die gelowiges bo julle vermoë versoek word nie, maar die Here sal saam met die versoeking ook *uitkoms gee*, sodat hulle die versoekings sal kan verduur.

**SONDAGAAND 18:00**

## God het alles goed geskape

**Skriflesing:** Gen 1:1-31

**Teksvers:** Gen 1:311;  
Pred 7:29; Tim 4:4,5

**Sing:**

Ps 105-1:1,2  
Ps 33-1:5,11  
Ps 145-1:2,3,5  
Sb 13-3

**Orrelis:** Corlea vd Walt  
**Projektor:** Johan Hoogenboezem  
**Klank:** Hein Kaiser  
**Prediker:** Ds Gerrit Kruger

Genesis 1 is baie meer as net 'n verhaal oor die skepping. Dit is baie meer as net ses dae waarin alles gemaak is. Dit gaan hier oor die Drie-enige God wat geopenbaar word as die enigste God wat geskape het omdat Hy almagtig is. Hoeveel keer het u al gevra, gereël sodat iets gedoen moet word en dit het nie gebeur nie. God het net gespreek en dit het gebeur. Psalm 33:8,9 *“Die hele aarde moet die Here vrees, al die bewoners van die wêreld moet vir Hom ontsag hê, want Hy het gepraat en dit was so, Hy het beveel en dit was daar.”*

Ons gaan na drie sake kyk met die klem op die woorde in vers 31 *“...en dit was baie goed.”*

- God het geskape.
- God het geëvalueer.
- God het alles baie goed verklaar.

# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

Jaargang 43 Nr 24 19 Augustus 2018

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



## “Smaaklike ete”

Daar sit meer in 'n heerlike ete as bloot net 'n smaaklike ete. Het jy al deur die Bybel geblaai om te kyk na al die etes wat in die Ou- en Nuwe Testament beskryf word? Ons kan byvoorbeeld dink aan die heerlike kos wat voorberei was in die lewe van Abraham, Isak en Jakob. So kan ons dink aan die etes wat voorberei is in die tyd van Josef. Josef het byvoorbeeld by geleentheid die drome van die Farao uitgelê wat oor kos gehandel het. Josef het selfs etes vir sy broers voorberei. Ons kan dink aan die offers wat die Here voorgeskryf het, waar die gesin saam geëet het. Verder die instelling van die Paasfees met die Paaslam, met al die simboliese betekenis wat daarin opgesluit is. Dink aan Jesus wat soveel wonders gedoen het rondom kos. Byvoorbeeld die eerste wonder waar water in wyn verander is op 'n troue en by 'n ander geleentheid waar broodjies en vissies genoeg was om 'n menigte mense te voed. Dink aan die gelykenisse wat Jesus vertel het wat rondom kos gegaan het. So kan ons dink aan die etes wat Jesus saam met gelowiges en ongelowiges, vriend en vyand gehad het. Dink aan Petrus wat die visioen gehad het met die onrein en rein diere waar die Here aan Petrus opdrag gegee het om dit te eet. Verder het Jesus die nagmaal ingestel wat vandag nog deur ons gevier word. Ook Sy belofte dat ons eendag in die ewigheid saam met Hom by die bruiwlofsmaal sal gaan aansit.

Dit is juis met hierdie ewige feesmaal in gedagte dat ons onder andere na Jesaja 25:6-9 kan gaan kyk. Dit is Jesaja wat onder leiding van die Heilige Gees hierdie woorde aan Israel rig. Dit is nie net die Jode nie, maar alle volke wat hulle troos en redding by die Here soek, wat by die feesmaaltyd sal gaan aansit wat op die Sionsberg deur die Here die Almagtige gereed gemaak sal word. Hoor net hoe wonderlik hierdie fees sal wees wat deur die Here voorberei gaan word: Dit sal 'n feesmaal wees met die beste om te eet en te drink, goeie kos en geurige wyn. Die wat in Jesus Christus glo, sal die begenadigdes wees wat werklik sal kan verstaan dat die sluier oor hulle oë verwyder sal word. Hierdie fees is daarop ingestel om die oorwinning oor die dood te vier. Ons vier fees omdat Jesus Christus die dood doorgemaak het vir sy kinders. Dit is die Here God wat die dood vir ewig sal vernietig, en die trane op almal se gesigte sal afvee. Wat 'n feesvreugde dat die Here die smaad sal verwyder wat sy kinders ervaar het op aarde. Hierdie feesmaaltyd hou in dat elkeen wat by die feesmaaltyd is, sal kan getuig dat dit ons God is wat hierdie wonderlike dinge gedoen het. Hy is immers ons God op Wie ons vertrou het. Hy het ons gered. Dit is die Here! Ons het op Hom vertrou. Laat ons bly wees en juig omdat Hy ons gered het.

Daar is 'n rede waarom mense saam eet. Dit hou in dat iets of iemand hierdie besondere groep mense saamgebind en saamgebring het. Vandag nog, is die saam met mekaar eet, vir ons as Christene iets besonder. Die nagmaal, die gemeenskaplike maaltye en etes saam met familie en vriende is vir ons meer as net 'n blote ete. Medegelowiges wat mekaar in die Here vind en saam eet, maak iets bekend van hulle **geloof** in die gemeenskap van gelowiges. Ons saam eet, hou ook in dat ons mekaar graag werklik in Jesus Christus wil ontmoet en leer ken. Kom gerus, daar is vandag na die nagmaal, 'n gemeenskaplike maaltyd waar jy jou liefde vir die Here en vir jou medegelowiges verder sal kan kom beleef.

Ds Paul

## ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00  
Engelse Diens: 11:00  
Sothodiens: 12:30  
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Basdenlaan 226

Faks: 012 664 0004

Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

**Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander:  
admin@gkcenturion.co.za**



**DIENSBEURTE:** Ouderlinge: Leon Venter

Alethea : Johan Kruger

Diaken: Anton Smith

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKATJIE ELEKTRONIES:** [www.gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za)

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za))

**EREDIENSTE OP INTERNET:** <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON:** TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/[esmel.prins@gmail.com](mailto:esmel.prins@gmail.com) vir navrae

**KATKISASIE:** Vandag: Geen katkisasie

Volgende week: Les 18; Ps 42:1

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr):** Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

### **Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk  
Centurion  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 340 409

### **Insetalings vir die Diakonie:**

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk  
Centurion  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 280 589

### **Insetalings vir die Susters:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk  
Centurion Susters  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 340 417

## VAN DIE KERKRAADSTAFEL

Ter Approbasie:

**Ouderling:** Sarel Swanepoel (A), Braam du Plessis (A), Wally Wallace (B), Lodi Olivier (C),  
Hannes Pieters (C).

**Diakens:** Henk Koch, P.W. Groenewald, Bets Wallace, Stephanie van Jaarsveld, Jan Venter

Onthef van die Roeping as:

**Ouderling:** Hennie Kruger

**Diaken:** Petra Terblanché

Losmaking geskied op 9 September 2018 tydens die aanddiens:

**Ouderlinge:** Gerrie Viljoen, Leon Venter, Hendrik Peens

**Diaken:** Inge Pelsler

## Attessake soos op 16 Aug 2018

### **Met attestasie aangesluit**

Jan en Christine du Plessis vanaf Meyerton (B11)

Braam en Anri van der Berg vanaf Die Bult - Potchefstroom (B)

Louise Hefer vanaf Rietvallei (A07)

Lize Dekker vanaf Randburg (B18)

Heine Niehaus vanaf GK Aliwal-Noord (A12)

### **Opname**

Louis Dekker vanaf APK Moot-sentraal (B18)

Leandrie Niehaus vanaf NG Springs-Noord (A12)

### **Met attestasie vertrek**

Fanus en Louise Grobler na Naboomspruit (A04)

Petrus en Zelda Mulder na Lyttelton (C5)

Pieter en Luzaan Stoker na Bellville-Oos (B18)

### **Gemeenskap beëindig**

Johan Olivier (A14)

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) [centurionflorist@discovery.mail.co.za](mailto:centurionflorist@discovery.mail.co.za).

**Pilates klasse** in Zwartkop—Liggaams-houding evaluering elke 6 mde. Sien hoe jou postuur verbeter. Billike pryse. Kontak Elmé 0609948023 of whatsapp.

**Huis te huur** Lyttelton/Centurion R10 500 pm (helfte van stadsraad rekening en elek uitgesluit). 3 Sk, 2 bk, TV kamer, eetkamer met ingeboude braai. Nuwe kombuis, studeerkamer, 2mh, volstoep, alarmstelsel. Ben vd Walt 082 854 3719 /benv@tfm.co.za.

**Tuinwoonstel Lyttelton Manor te huur** R5000pm—Studio-slaap/sitkamer, bk, stoor-kamer/studeerkamer, kombuis/opwas, mh. Enkelopende persoon. W&L ingeluit. H Sweers 0832836456/T Kruger 0834507460.

**Algemene herstelwerk** aan huise en geboue, ook **veiligheidshekke** en diefwering. Kontak Hennie vd Walt by 0829274326 of [hj2vdwalt@gmail.com](mailto:hj2vdwalt@gmail.com).

**Tuinwoonstel** onmiddellik beskikbaar in Duikerlaan, Zwartkop. R4400 per maand. Geen troeteldiere. Basil 082 467 1824 / Ria 072 173 7712.

Betroubare, hardwerkende **huishulp** soek werk vir Vrydae. Rita 083 968 2299.

*Wanneer*  
**GOD**  
intree,  
*begin*  
die  
**wonderwerke**  
gebeur

## Geestelike Opbou

Sondag 19 Aug 2018 om 16:00  
te GK Centurion  
Digital Cocaine



Brad Huddleston is an internationally respected speaker, evangelist, consultant, author and technology expert with 22 years industry experience. He has worked with universities, schools, churches and law enforcement, and spoken to tens of thousands around the world on both the advantages of well-used technology tools and the dangers of the growing trend toward technology addiction. Brad has an ongoing collaboration with the Neuroscience Division at the University of South Africa. Brad has a degree in Computer Science and a Diploma of Biblical Studies. He's also a frequent guest on radio and television. His two books, namely, *Dark Side of Technology* and *Digital Cocaine: A Journey Toward iBalance* are a must-read for everyone.

You Tube, Facebook, Twitter, Instagram, LinkedIn – we are bombarded with new technology and social media every day. Digital dementia is now a reality. Come and listen on how to make you and your family safer. Brad equips parents and children with knowledge and identifies warning signs of misuse or over-use of technology.

## Ons gee om vir Mekaar

*"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6*

- Rika Hoffman ondergaan 24 Aug 'n rugoperasie te Unitas Hospitaal (B7—0726917675).
- Petro Rabe het 'n voetoperasie ondergaan (C9—082 497 9342).
- Poppie Brits sterk tuis aan na 'n operasie (C8—665 4345).
- Esther Engelbrecht is in hoërsorg in Unitas hospitaal (A14—083 761 3757).
- Amanda Brink het 'n draai in die hospitaal gemaak (A15—651 4004).
- Retief Snyman sterk aan in Unitas hospitaal na 'n beroerte (A4—347 0401).
- Conrad Stoltz sterk aan in Eugene Marais hospitaal (A14—654 2406).
- Meelewing word betuig met:
  - Ernest Bornman en familie na die afsterwe van Ernest se vader.
  - Jaco en Camilla Pretorius na die dood van Jaco se moeder.
  - Familie en vriende van wyle Madelein Naude wat die afgelope week begrawe is.
  - Familie en vriende van wyle ds PGL (Pieter) van der Walt - emerituspredikant van GK Naboomspruit wat gedurende die week oorlede en begrawe is.



*Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra*

## Nagmaal

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word vandag tydens al drie ons eredienste bedien.

## Geluk

Alle katkisanse wat verkies is tot die leerlinggraad van hul onderskeie skole.

## Kuier onder die Sterre

(Olyfboskerm — koinonia)

Saterdag, **8 September 2018 vanaf 17:00**

Bring eie eetgerei en drinkgoed.

Kontant koffie-kroeg beskikbaar.

Koop u kaartjies onder die olyfboom. Vrywilligers wat kan help met die maak van 'n potjie, kan ook hul name opgee.

R80 volwassenes; R50 graad 8 -12; R20 jonger  
PW Groenewald 082 899 0342

## Nagmaalsete

U word almal hartlik uitgenooi na 'n ete na afloop van die nagmaal, **19 Augustus 2018 om 12:00**. Die Diakonie verskaf gebraaide hoender en worsbroodjies.

**Bring saam:**

- Een slaai per gesin vir gemeenskaplike slaaitafel.
- Eie eetgerei, glase, drinkgoed.
- Stoele. U is ook welkom om 'n gazebo saam te bring.

## KOLLEKTES

Vandag tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Mukhanyo student



*Kollektes sal nog steeds in banke/deure opgeneem word vir diegene wat nie Zapper gebruik nie*



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Jeugsorg

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie**

## BYBELVERSPREIDING FONDSINSAMELING

Fondse vir Bybelverspreiding word vir die volgende twee projekte ingesamel:

**BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA:** Die taak van die Bybelgenootskap is om bekostigbare Bybels vir elkeen in hulle eie taal en in geskikte formaat beskikbaar te stel sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar. Die Bybelgenootskap vra tans ongeveer R100 vir bekostigbare Bybels maar die werklike koste is inderdaad dubbel die bedrag.

**BIBLOSPROJEK:** Die doel van hierdie projek is om sover moontlik aan diegene met wie ons daaglik kontak het (bv. huis- en tuinhulpe, sekuriteitswagte, petroljoggies, versorgers.) 'n Bybel in sy/haar moedertaal of taal van voorkeur te voorsien.

Lidmate kan vrywillig bydra tot beide projekte of net een van die twee:

**Kontant bydraes:** Koeverte is beskikbaar by voorportaal van Kerk **OF**

**Elektroniese oorplasing:** in die kerk se bankrekening met verwysing 'Bybelgenootskap' of 'Biblos'. Sien bankrekeningbesonderhede in die Kommunikatjie.

Met groot dank aan die Here kan ons getuig dat ons gemeente jaarliks die Bybelverspreiding fondsinsamelings goed ondersteun.

Bybelgenootskap: Eddy Niezen 0834552760 of [eddy.niezen@gmail.com](mailto:eddy.niezen@gmail.com)

Biblosprojek: Esmé van den Berg: 0833816428 of [esmel.prins@gmail.com](mailto:esmel.prins@gmail.com)

### Alethea movie night

24 August @ 18:30

**Paul, apostle of Jesus Christ**

There will be hamburgers and popcorn for sale  
Please RSVP @ Anél: 082 567 3643

### Dankie Here!



### Lentekoorfees aangebied deur Centurion Cantus

Centurion Cantus se elfde jaarlikse Lentekoorfees vind hierdie jaar plaas op Sondag, 26 Augustus 2018. Daar is elke jaar 'n verskeidenheid plaaslike kore en ook kore van omliggende streke wat die geleentheid kry om op te tree. Gedurende hierdie jaar se koorfees sal ons kan luister na Ad Musicum, Amici, Delta Koor, Kaleido Canto, Singfonix en natuurlik ook Centurion Cantus.

Die hoogtepunt op die program is gewoonlik die massakoorwerke aan die begin en einde van die vertoning en hierdie jaar se massakoor belooft om weereens vir groot opwinding te sorg met werke soos Benedictus van Karl Jenkins en One Voice wat spesiaal vir die 2018 Wêreld Koorspele gekomponeer is deur John Rutter. Die koorfees word gehou in die kerkgebou van Gereformeerde Kerk Centurion in Basden laan, Centurion. Dit begin om 14h30 en kos R50. Vir enige navrae, kontak asb Alida Idema, tel 072 340 0876.

Centurion Cantus is 'n gemeenskapskoor waar elke stem saakmaak en daar is altyd plek vir meer. Daar word oudisies vir 2019 gehou op 2, 9 en 16 September. Kontak gerus vir Magda vd Schyff vir meer inligting en om jou plek te bespreek by een van die oudisies. Magda: 079 511 0196.



## VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

### BELYDENDE LIDMATE

19-Aug	Lukas	du Preez	B08	012 345 1715
	Carina	Koch	B17	082 339 9588
	Magda	Pelser	A05	664 5247
	Gerrie	Viljoen	B05	666 7427
20-Aug	Marlize	Bond	B04	653 7270
	Jan	Gouws	B15	654 6019
21-Aug	Hanneke	Goodchild	B08	082 490 8184
22-Aug	Gustav	Hoffmann	A02	084 553 1605
	Pieter	Pretorius	C08	665 4789
23-Aug	Martine	Cassidy	B13	082 413 0372
	Eugene	Oosthuizen	B01	664-5135
	Frikkie	Pelser	A05	664 5247
24-Aug	Louis	van Staden	A15	654 1851
	Phillipa	Weyer	A11	079 524 8315
25-Aug	Petrus	Gildenhuis	C13	082 788 4169
	Michelle	le Roux	B13	081 484 3454
	Lenie	Myburgh	B11	081 361 5936
	Lizette	Reinecke	A12	082 375 0092
	Rita	Smit	C03	082 316 5968



### DOOPLIDMATE

20-Aug	Carmi	v Niekerk	B04	083 384 3305
21-Aug	Leah	Erasmus	B09	072 233 5205
22-Aug	Ruben	Smidt	A11	082 566 7633
23-Aug	Christiaan	Jacobs	B14	083 356 7597
24-Aug	Pieter	Mulder	C12	082 731 8381
25-Aug	Eswee	du Plessis	E01	082 412 9557
	Melindi	Venter	B17	082 838 9848

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

#### 19 Augustes

C01 Monumentsig  
B21 Attie Pretorius

#### 26 Augustus

Tieners



## Bybelskool van Centurion 2018

bied aan

Die Algemene Sinode van Dordrecht

### DIE DORDTSE LEERREËLS

Die sinode van Dordrecht het in 1618-1619 vergader om die vyf hoof leerwalings van die Remonstrante vanuit die Skrif te ondersoek en te weerlê, so het ons derde besondere belydenis skrif ontstaan.

Ons begin **Dinsdag, 29 Augustus 2018**

te

GK Centurion Kerksaal

Elke Dinsdagaand 19:00 – 20:30

**Koste R100 per persoon**

Aanbieder: **Ds. Gerrit Kruger**

**Almal welkom**

**Inskrywings:** Ellouis 012 664 2614 (soggens)  
Johan 082 386 8986

## Gereformeerde Kerk Rooihuiskraal

met Voices Div!ne

**27 Oktober 2018** te Leriba Lodge

**Kaartjies:** R150 Volwassenes /  
R50 skolier

Of stel jy belang om 'n stalletjie op hierdie dag te beman met jou kunswerk/produkt? (Geen kos)  
R300

Kontak Daleen by 082 373 1803 /  
[kerkkantoor@gkrhk.org.za](mailto:kerkkantoor@gkrhk.org.za)